testpapers.co.za

Province of the
EASTERN CAPE
EDUCATION

**SENIOR FASE**

# GRAAD 9

# NOVEMBER 2013

# AFRIKAANS EERSTE ADDISIONELE TAAL MEMORANDUM

**PUNTE: 100**

Hierdie vraestel bestaan uit 9 bladsye.

## AFDELING A: KYK- EN LEESBEGRIP

1. Geen penalisering van **SPEL- EN TAALFOUTE** nie.
2. Die leerder se antwoorde moet volgens die instruksies by elke vraag beantwoord word.
3. Die leerder se antwoord moet ŉ sinvolle antwoord in Afrikaans wees. Indien ŉ antwoord van ŉ ander taal gebruik word, skryf slegs die hoofletter van die taal, bv. **[E(ENGELS/X(XHOSA)]** boaan die antwoord neer. Druk die woord toe; indien die betekenis van die antwoord nie beïnvloed word nie, is die antwoord korrek.
4. Waar die antwoord in meer as een sin aangebied word, maar tog tot die antwoord lei, is dit korrek.
5. Indien twee of meer feite vereis word, word slegs die eerste twee of meer feite nagesien.
7. WAAR (JA) of ONWAAR (NEE/VALS/NIE)
   - EERSTE DEEL KORREK en motivering verkeerd. (1)
   - Eerste deel VERKEERD en motivering verkeerd. (0)
   - Eerste deel verkeerd en MOTIVERING KORREK. (0)
8. Indien die vraag spesifiseer dat die antwoord aangehaal moet word, moet aanhalingstekens gebruik word en die korrekte woorde aangehaal word. Geen penalisering indien die antwoord nie tussen aanhalingstekens is nie.

**<u>Om saam te vat:</u>**

- ✓ Spel- en taalfoute word nie gepenaliseer nie omdat die fokus op begrip is.
- ✓ Vir WAAR/ONWAAR- of FEIT/MENING-vrae, word die punte verdeel: 1 punt vir WAAR/ONWAAR of FEIT/MENING en ŉ punt vir die rede/motivering/ aanhaling.
- ✓ Vir vrae wat aanhalings uit die leesstuk verg, word **nie gepenaliseer** indien die aanhalingstekens ontbreek nie.
- ✓ Waar een-woord-antwoorde gevra word en die leerder ŉ volsin gee, is dit korrek mits die korrekte woord onderstreep word of op een of ander wyse uitgelig word.
- ✓ Wanneer twee of drie punte/feite vereis word en die leerder gee ŉ hele reeks, word **slegs die eerste twee of drie feite/punte nagesien.**
- ✓ Indien die leerder woorde uit ŉ ander taal gebruik as die taal waarin die vraestel verskyn, word die vreemde woorde geïgnoreer. Indien die antwoord sonder die vreemde woord sinvol is, word die leerder nie gepenaliseer nie. Indien die vreemde woord in die antwoord vereis word, word dit aanvaar.
- ✓ Vir meervoudige-keusevrae word BEIDE die letter aanvaar EN die korrekte antwoord wat ten volle uitgeskryf is.

## AFDELING A: KYK-EN LEESBEGRIP

## VRAAG 1

### TEKS A: TYDSKRIFARTIKEL

1.1 "Pasop" (1)

1.2 om baie kwaad te word/
Jou humeur te verloor. (1)

1.3 1.3.1 Onwaar (1)

1.3.2 "Om kwaad te word, is nie verkeerd nie …"
OF
"… dit is ŉ gesonde deel van elke mens se lewe." (1)

1.4 ŉ Mens moet uitvind wat jou tot woede dryf en dan ŉ oplossing probeer vind. (2)

1.5 Tieners gee nie uiting aan hulle gevoelens nie./
Tieners krop hulle gevoelens op/
Hulle doen nie iets omtrent die probleem nie./
Hulle laat die woede in hulle opbou. (1)

1.6 Jy sal nie jou reaksies daarna kan keer nie. (1)

1.7 C. Beide A en B. (1)

1.8 "woorde-oorlog" (1)

1.9 Voer ŉ oop en eerlike gesprek met die ander persoon. (2)

1.10 sielkundige en onderwyser (2)

### TEKS B: STROKIESPRENT

1.11 www.komedie.co.za (1)

1.12 Kobus Galloway (1)

1.13 'Lux' – seep (1)

1.14 Geen spesifieke ouderdomsgroep nie. (Enige aanvaarbare antwoord) (1)

1.15 1.15.1 Daar is ŉ vervolgverhaal wat op televisie vertoon word. (1)

1.15.2 Daar is letterlik seep op die televisiestel. (1)

1.16 1.16.1 Ja/Nee (1)

1.16.2 (Ja) Dit leer ons omtrent verhoudings.
OF
(Nee) Sepies wys nie ŉ realistiese beeld van die lewe nie./Dit leer kinders die verkeerde waardes. (1)

**TEKS C: VOORBLAD VAN TYDSKRIF**

1.17 *Huisgenoot* (1)

1.18 "slimkop" (1)

1.19 R178 300 (1)

1.20 Daar is probleme in Justin Bieber en Selena Gomez se verhouding./ Justin se beweerde ontrouheid veroorsaak probleme in sy verhouding met Selena. (1)

1.21 Dit maak my hartseer of ongelukkig. (1)

1.22 1.22.1 Onwaar (1)

1.22.2 Eksklusief. (1)

1.23 Sy sny Joost se vleis vir hom./
Amor help hom om trappe op te klim. (Enige 1) (1)

**TOTAAL AFDELING A: 30**

## AFDELING B: OPSOMMING

## VRAAG 2: WENKE OM JOU GELUK TE VERSEKER

**ASSESSERINGSRIGLYNE:**

**ALGEMEEN**

- Lees die hele opsomming om ʼn geheelindruk van die opsomming te kry.
- Beplanning is nie nodig nie.
- Indien rofwerk/beplanning gedoen word, let op die volgende:
  - Indien ʼn poging in potlood aangebied word, word dit as rofwerk beskou en die tweede aanbieding word nagesien.
  - Indien die eerste poging in pen aangebied word, word daardie poging as die finale antwoord beskou.
- Kandidate moet die opsomming in die vereiste formaat aanbied. ʼn Opsomming in die verkeerd formaat MOET nagesien word. (Sien PUNTETOEKENNING).
- Indien die opsomming te kort is, word die kandidaat NIE GEPENALISEER NIE.
- Indien die opsomming te lank is, word daar slegs 5 ekstra woorde toegelaat. Ignoreer die res van die opsomming.
- Kandidate hoef nie ʼn TITEL te verskaf nie.
- Slegs feite wat in VOLSINNE aangebied word, verdien punte. ʼn Volsin het ʼn werkwoord/werkwoorde.
- Indien daar twee feite in een sin gegee word, word slegs die eerste feit nagesien. Die tweede feit word geïgnoreer.
- Direkte aanhalings is toelaatbaar.
- Indien afkortings in die opsomming voorkom, word elke afkorting getel volgens die getal woorde wat dit voorstel, byvoorbeeld, d.w.s. = 3 woorde.
- Kandidate MOET die **KORREKTE** getal woorde aandui. Tel slegs indien dit duidelik is dat daar te veel woorde is. (Sien PUNTETOEKENNING)
- Kandidate wat die getal woorde na elke sin neerskryf in plaas van aan die einde van die opsomming, voer nie die opdrag uit nie en word met een punt gepenaliseer.

**PUNTETOEKENNING**

| ALGEMEEN | PUNTE | TAAL | PUNTE | SKRYF PUNTE AS VOLG |
|---|---|---|---|---|
| Feite | 7 | 1–3 feite korrek | 1 | **F** 7 |
| Taal | 3 | 4–5 feite korrek | 2 | **T** 3 |
| Formaat verkeerd | Minus 1 | 6–7 feite korrek | 3 | **Ft** 0 |
| Getal woorde verkeerd/ nie aangedui nie | Minus 1 | | | **W** 0<br>= 10 |

**FEITE:**

1. Probeer kalm en ontspanne in stresvolle situasies bly.
2. Raak van negatiewe situasies ontslae deur daaroor te praat.
3. Probeer om vir ’n tyd lank jou aandag van jou probleme af te lei.
4. Doen oefeninge om jou stresvlakke te verlaag.
5. Vind ’n rede om te glimlag.
6. Fokus op ’n paar goeie aspekte in jou lewe.
7. Bied jou hulp aan.

(Maksimum aantal woorde: 57) **[20]**

**TOTAAL AFDELING B: 20**

## AFDELING C: TAAL

### ASSESSERINGSRIGLYNE

### WOORDSTRUKTURE

- Spelling moet korrek wees om punte te verdien.
- Die standaardvariant geld.

### SINSTRUKTURE

- Die “ge-“ moet as een woord met die werkwoord geskryf word.
- Die “te” moet in verbinding met die infinitief as twee woorde geskryf word.
- Verder tel spelling glad nie.
- Streektaal kan nie in ag geneem word nie.
- Indien die opdrag lui dat die kandidaat soos volg moet begin, moet die hele sin uitgeskryf word.
- Indien die opdrag lui dat die kandidaat die sin moet oorskryf, moet die hele sin uitgeskryf word.

### VRAAG 3

### TEKS E: TYDSKRIFARTIKEL

| | | |
|---|---|---|
| 3.1 | vriendinne | (1) |
| 3.2 | Dit **sal** nooit koel **wees** om vir jou vriende te jok nie. | (2) |
| 3.3 | lieg | (1) |
| 3.4 | eenhonderd | (1) |
| 3.5 | Vraagsin | (1) |
| 3.6 | Nee, ek het **nie** met ander vriende uitgehang **nie**. | (1) |
| 3.7 | partytjie | (1) |
| 3.8 | Gee die persoon ’n geleentheid om sy woede te verwerk. | (1) |
| 3.9 | klere | (1) |
| 3.10 | **Moenie** skaam wees om met haar gesien te word **nie**. | (2) |
| 3.11 | Jaloesie **was ’n** lastige ding. | (1) |
| 3.12 | skreeulelik | (1) |
| 3.13 | op | (1) |
| 3.14 | jou | (1) |

3.15 Rapport (1)

3.16 kussinkie (1)

3.17 Jy kan dit bly wegsteek **dog** jou ouers **gaan** die een of ander tyd daarvan **uitvind**. (2)

3.18 As hulle jou uitvang, gaan hulle jou dalk nie met ander dinge vertrou nie. (1)

3.19 Vry (1)

**TEKS F: STROKIESPRENT**

3.20 Jou gunsteling-tydverdryf of aktiwiteit. (1)

3.21 duiwel (1)

3.22 Wat is jou stokperdjies? (1)

3.23 Jy **moet** asseblief **nie** aan sport deelneem **nie**. (2)

3.24 sportveld (1)

3.25 Die bal is deur hom rondgegooi. (2)

**TOTAAL AFDELING C: 30**

## AFDELING D: DIGKUNS

### VRAAG 4

### TEKS G: MY HART IS ’N HAMBURGER – JACO JACOBS

| | | | |
|---|---|---|---|
| 4.1 | B | metafoor | (1) |
| 4.2 | A | alliterasie | (1) |
| 4.3 | D | hy nie op die oomblik die geld het om vir hom ’n kitaar te koop nie. | (1) |
| 4.4 | B | liedjies | (1) |
| 4.5 | A | “net” | (1) |
| 4.6 | B | Hy wil genoeg geld verdien om ’n kitaar te koop. | (1) |
| 4.7 | C | ’n restaurant | (1) |
| 4.8 | C | Op die ingewing van die oomblik. | (1) |
| 4.9 | A | Hy is dolverlief op haar. | (1) |

### TEKS H: TAYLOR SWIFT – KOBUS GROBLER

| | | | |
|---|---|---|---|
| 4.10 | Liesbet | | (1) |
| 4.11 | Kobus Grobler | | (1) |
| 4.12 | Taylor is ’n baie bekende sangeres. | | (1) |
| 4.13 | tersine | | (1) |
| 4.14 | “die soveelste keer” | | (1) |
| 4.15 | by die skool | | (1) |
| 4.16 | pouses | | (1) |
| 4.17 | Sy skop haar skoene uit, lê op haar bed en luister na Taylor Swift se musiek. | | (3) |
| 4.18 | “melancholie”/“snik”/huil”/“grens” | (Enige 1) | (1) |

**TOTAAL AFDELING D: 20**
**GROOTTOTAAL: 100**